# SO SOET DIE WRAAK



SANDBERGH BEYERS

# SO SOET DIE WRAAK

DEUR

SANDBERGH BEYERS

SEBRA BOEKE
In Groot Brittanje gedruk vir
SEBRA UITGEWERS (EDMS) BPK.
301 S.A.C.T.A.—Gebou
Breestraat,
JOHANNESBURG.

Gedruk 1956

## HOOFSTUK EEN

### *Na die Wapens!*

Dae nou al trek Arabiere met gespanne gesigte op Haratzo saam. Hulle kom uit die suide waar die ryk handelstad Aletto geleë is. Hulle kom uit die woestyndorpe van die noorde en die ooste. Uit alle dele van die Bormoen-gebied is hulle op Haratzo aan saamtrek om deur die Bormoen-leier, El Dowla, te woord gestaan te word.

Nou sit die drie-en-veertig hoofmanne op kussings, in El Dowla se konferensiesaal en hulle luister na die groot leier, die Uitverkorene van Allah. Hy is besig om sy finale pleidooi te lewer.

Niemand kan oordeel wat die uitwerking van sy woorde is nie, want die aanwesiges sit met roerlose gesigte na sy ryk kleed en sy gesette figuur en staar. Af en toe spring El Dowla se vet hande onder die voue van sy ryk gewaad uit en dan maak hy gebare, partykeer woedende gebare en dikwels weer gebare om sy toehoorders te probeer oortuig dat wat hy sê, die beste vir hulle is wat daar vergader is.

"My broers," sê die vette, "in die verlede het ons wel ons teenslae gehad. Niemand het weens hierdie terugslae meer gely as ek self nie. Van tyd tot tyd is planne wat in die fynste besonderhede en met die grootste sorg voorberei is en wat buitendien sonder die minste haakplekke uitgevoer is, verydel deur die tussenkoms van daardie vervloekste Vreemde Legioen. Hulle was egter elke keer gelukkig en goeie geluk duur nie vir ewig nie. Hierdie keer sal ons nie, *kan* ons nie faal nie. Noudat hulle die nuwe Franse fort in ons gebied bou, sal mislukking die einde van al ons pogings en al ons edele aspirasies beteken. Dit sal die hoop op onafhanklikheid vir ons eens en vir altyd beëendig."

El Dowla breek af en in die vlesige kepe van sy gesig is daar die teken van onrus terwyl hy na sy gehoor staar. Vir daardie onrus bestaan daar inderdaad goeie redes.

Drie keer in die jongste verlede het hy hulle al die oorwinning teen die Franse besettingsmagte beloof en drie keer het hy vir die Bormoen rampspoedige nederlae op die hals gehaal. Hy weet dat daar onder die gewone volk gefluister word—in die kafees, in die krotte van die armes, in die rusvertrekke van die rykes. Daar word gefluister dat die stryd teen Frankryk hopeloos en onsinnig is.

Derhalwe maak hy nou van alle oorredingsmiddele gebruik wat sy Westerse opvoeding hom aangeleer het. Hy maak van alle moontlike prikkelmiddele gebruik om die tanende geesdrif onder sy volk aan te wakker.

'n Bejaarde hoofman maak sy keel skoon en staan stadig op. Die hete sonstrale wat deur die tralievenster val, skyn regstreeks op sy beenderige, bebaarde gesig. Die helder lig word ook deur die massiewe marmerpilare weerkaats en gee 'n byna onaardse skynsel aan die marmervloer en die groot tapisserieë aan die mure.

" Die Uitgelese El Dowla praat belangrike woorde oor die nuwe vesting," verklaar die ou grys leier. In sy stem is daar die eerste krakerigheid van die ouderdom. " Ons weet almal dat die Franse 'n paar weke gelede aan die fort begin bou het en dat hulle betaalde Arabierse arbeid gebruik om die werk te doen. Ons weet ook dat hierdie fort die verste in Bormoengebied gaan staan—verder selfs as Fort Ney, die verste punt waartoe die Franse dit tot dusver gewaag het. Maar is dit voldoende rede vir 'n nuwe oorlog teen die mag van die Franse Republiek? Het ons nie al tot ons verdriet met die gevegshoedanighede van die Franse Vreemde Legioen kennis gemaak nie? Ek hou geen grief vir die Franse nie. Wat vaderlandsliefde betref, staan ek vir niemand hier agteruit nie, maar ek doen 'n beroep op almal hier vandag . . ."

El Dowla onderbreek hierdie woorde wat die hoofmanne tot versigtigheid wil maan.

" U vra of die vesting rede genoeg is vir 'n veldtog teen die Franse! Hoe kan u aan so iets twyfel—dit is nie denkbaar dat iemand aan so iets kan twyfel nie. As hierdie Fort Vateau eers klaar is, sal dit soos 'n lem wees wat op die strot van die Bormoenvolk gehou word. As dit eers klaar is, sal dit buite die kwessie wees om weerstand teen die Franse te probeer bied, want sodanige weerstand sal eenvoudig buite die kwessie wees. Die tyd om te slaan, is nou, my broers, voordat hulle so ver gevorder het dat ons geen hoop op sukses meer het nie."



Die bejaarde Arabier bly staan terwyl El Dowla hom in die rede val. Hy gaan voort asof sy woorde nooit onderbreek was nie:

" . . . As ons wil hê dat ons volk gelukkig en voorspoedig moet wees, moet ons 'n lang tydperk van vrede hê. Ons geregverdigde aansprake en ons groot ambisie op onafhanklikheid, moet vergeet word—vir die huidige altans. Dit is tog sekerlik beter om ná ons bloedige neerlae met die Franse in vrede saam te woon totdat ons genoeg geleer het uit die voordele wat hulle ons te bied het."

El Dowla se lippe wat gewoonlik dik en geswolle is, is nou saamgepers en sy mond lyk soos 'n bleek band. Die bejaarde leier gaan weer op die kussings sit.

" In vrede leef met die Franse! U weet nie wat u praat nie! Dit is die mees ongehoorde ding wat ek nog deur 'n leier hoor sê het! Is hierdie nie ons duurgekogte land nie en is hulle nie ons besetters en ons onderdrukkers nie? Het ons volk nie 'n duisend jaar van militaristiese grootheid geken nie? Moet ons daardie geweldige reputasie nou bederf omdat ons meteens kleingeestig en bang geword het! So nimmer as te nooit nie! Ek hoor woorde oor wat die Franse ons kan aanbied. Al wat hulle ons kan aanbied, is 'n skynkultuur en 'n swakheid wat hulle graag ' vryheid ' noem—alles waarvan op die ondergang van die Bormoen-volk sal uitloop. Wat het van ons nasietrots geword as ons al hierdie dinge maar net so moet sluk?"

Daar is die ruising van sygewaad soos 'n aantal van die hoofmanne versit op die kussings en hul instemming met hierdie dapper woorde mompel. In El Dowla se ogies is daar 'n helder, vreemde skittering terwyl hy hulle verder deurkyk.

" Maar ek het genoeg gepraat. Hierdie keer sweer ek 'n eed dat daar nie weer mislukking sal wees nie. Want as ons faal, sterf ons. As elkeen van u u magte onder my bevel plaas, sal ek drie maal drieduisend man hê. Nog nooit in die verlede het ek soveel krygers gehad nie. As ons gered wil word, sal hulle egter almal nodig wees. Dit is daarom dat ek u hierheen ontbied het. Nou gaan ek vasstel hoeveel agter my staan."

El Dowla trek aan die versierde belkoord. Twee bedien-

des kom binne. Elkeen dra 'n vlak emalje-kommetjie. Die een is blou en die ander een is rooi. Die twee kommetjies word langs mekaar op 'n hoop kussings geplaas. El Dowla draai om en kyk deur die tralievenster na die geel Sahara-sonlig buite. Opsetlik kyk hy nie hoedat elkeen van die vergaderde leiers 'n reep van sy kleed afskeur en dit dan in die een of die ander van die twee kommetjies plaas nie.

Toe dit klaar is, draai El Dowla weer om. Hy kyk net een maal in die twee kommetjies en dit is voldoende. Sy gesig vertrek in 'n oorwinnende grynslag. Dit lê tussen 'n grinnik en 'n moeë glimlag. Hy tel die repe in die twee kommetjies. Agt-en-dertig haal hy uit die rooi kommetjie en slegs vyf uit die blou kommetjie.

"My volk is op die oorlogspad," kondig El Dowla aan.

* * *

Manskap Joos Janse, die Suid-Afrikaner, suig aan die soetigheid van die goedkoop rooi wyn in die kafee. Dan sluk hy die wyn weg en sê: "So, Boere, dan piekel ons môre weer bietjie hier oor na waar hulle Fort Vateau bou, of hoe? Hoe lank gaan dit nog duur voordat daardie swaelnes klaar is?"

Org Ochse, die ander Suid-Afrikaner, haal sy glas-oog uit, vryf dit teen sy broekspyp blink en steek dit dan weer in die leë oogholte terug.

"Hulle sal daar werk tot die perde horings kry, ou boet. Jy moet darem nie dink dis 'n erosiewal wat hulle bou nie. Dit is veral die geval met forte wat so ver in die woestyn gebou word: Hulle werk met geelbek-arbeid an dié is nie die vinnigste in die wêreld nie. Hulle is nog veel stadiger as ons eie swartgoed en jy weet hulle is erger as harmansdrup op 'n koue môre. Ek verstaan dit sal nog meer as 'n maand duur voordat hulle die hoogte van die onderste skietgate bereik het. By 'n gewone gebou is dit skaars vensterhoogte. Nee, daardie is sommer 'n bielie-affêre en jy kan maar klaarmaak dat baie swaels sal trek voor hulle klaar is."

Joos kyk troosteloos in die klein, dof-verligte, vuil ou kafeetjie rond. Dan kreun hy en hy swets 'n slag van die pure moedeloosheid. "Hel!" kreun hy. "Dit beteken



dat ons minstens ses weke in daardie verderf sal moet gaan tent opslaan. Wat die drommel kies hulle ewig Kompanjie Een vir hierdie smoetsige werk? Kan hulle nie 'n slag van hierdie ander krewe op hierdie soort werk uitstuur nie? Het hierdie ander spul dan rumatiek of aambeie?"

Joos is nie beskonke nie. Dit vat meer wyn as wat enige Legioenman kan bekostig om hom twee rye spore te laat loop. Hy het egter genoeg gehad van hierdie affêre en sy reaksie is die normale reaksie van 'n intelligente en besliste man op bietjie te veel alkohol. Hy kyk rusteloos na die massiewe gestalte van Neels Bredenkamp, die derde Suid-Afrikaner in die geselskap.

"Dit lyk nie of jy jou juis oor hierdie uitstappie bekommer nie, ou grote," sê Joos net om skoor te soek. "Jy sien seker daarna uit om ons almal in die woestyn van ons koppe af te dryf met die stories oor die slag toe jy Robey Leibbrandt kamma in die bokskryt die harpuis laat snuif het . . . die slag toe hy jou nerwe so afgeslaan het, of hoe?"

Neels haal sy keps af en stoot sy massale hand oor sy geweldige blink pankop waarop daar nie meer die beduidenis van 'n haartjie is nie. Dan sit hy gemakliker in die stoel. Sy beweging is dié van 'n groot Afrikanerbul. Hy lyk nie danig ingenome met Joos se aanmerkings nie. Eenkeer, lank gelede, was hy 'n beroepsbokser op die Witwatersrand. Gedurende daardie tydperk het hy glo een keer teen Robey Leibbrandt geboks—altans, so vertel hy—Hy kan nie nalaat om oor sy ondervindinge tussen die toue te babbel nie en hy is nogal baie gevoelig daaroor.

"Geen man het nog die eer gehad om my nerf-af te slaan nie, ou bokkie. Na daardie geveg het Robey nog vir my gesê . . ."

"Dit het ons al 'n paar keer gehoor," sê Org beslis. "Jy het ons dit al soveel maal vertel dat ons oordromme daarvan dun geskaaf is. Ek skat egter dat nadat ons 'n paar dae in die woestyn was, ons so opgeskeep sal wees met onsself dat ons selfs bereid sal wees om na jou boksstories te luister, ou kat."

Joos roep 'n bediende en bestel nog wyn.

Daar is nog 'n halfuur voordat hulle weer in die smal en stinkende straatjies van Dini Sadazi moet uitgaan om terug te keer na hul kaserne. Môreoggend douvoordag sal

hulle moet begin voetslaan. Dan sal hulle moet begin voetslaan na die plek waar die nuwe fort diep in die gebied van die vyandige Bormoen gebou word. Hierdie is die laaste aand in 'n lang, lang tydperk dat hulle die geleentheid sal hê om bietjie te ontspan. Daarom meen Joos dat hulle maar net sowel die meeste daaruit kan haal.

Terwyl hulle op die wyn sit en wag, sit en broei hy oor Dini Sadazi.

Dit is snaaks, maar terwyl jy in hierdie klein Arabierse dorpie is, vervloek jy hom, verwens jy hom. Jy verwens hom oor die hitte, oor die stank, oor die skaduwee van die kaserne van die Vreemde Legioen wat steeds oor Sadazi val. Maar wanneer jy hierdie nes verlaat en jy bevind jou eers in die hitte van die woestyn, dan raak dit glad 'n ander saak. Dan verlang jy meteens na Sadazi, dan besef jy skielik dat dit daar baie beter is as hier in die woedende woestyn, al is jy daar in die garnisoendorp maar nog steeds aan die strengste formele dissipline onderhewig.

Miskien kan jy selfs sersant Duparne in Sadazi beter verduur as hier in die woestyn, want in die dorp is hy gewoonlik nie so onhebbelik as hier in die ope woestyn of in die forte ver in die Sahara nie.

Joos se gedagtes maal ál in die rondte en hy staar na die groep Arabierse handelaars wat net buite die kafeedeur by 'n tafel die voortreflikheid van hul ware staan en uitkekkel, maar hy sien hulle nie raak nie. Hy staar eintlik deur hulle na ander dinge wat nie sigbaar is nie. Meteens word hy hom egter daarvan bewus dat iemand wat hy ken, iemand van wie hy baie hou, ook die kafee binnegekom het. Dit is Phil Marleigh, die Engelse soldaat van Kompanjie Een van die Franse Vreemde Legioen.

Marleigh kom hom hier by hulle neerplak. Joos skink vir hom 'n glasie wyn, maar die Engelsman drink nie dadelik daaraan nie, hoewel die aanhoudende dors in hierdie hitte 'n mens gewoonlik onmiddellik aan omtrent enige vog laat drink. Marleigh lyk gespanne en ongemaklik soos iemand wat opwinding of onrus moet onderdruk. By hom is die simptome besonder duidelik omdat Marleigh aan 'n geslag van mense behoort wat enige vertoon van emosie as 'n teken van swakheid beskou.

Joos sê meteens: " Hoes dit uit, ou bul. Wat is op jou hart? Praat maar, ons luister almal."



Marleigh maak die boonste twee knope van sy uniform los. Hy praat met die kort, afgemete aksente van die Engelse privaatskool.

" Dit is hierdie Fort Vateau—hierdie nuwe plek wat hulle anderkant Fort Ney bou. Omdat ons môre daarheen vertrek, het ek gereken dat ek vanaand 'n paar briewe sou skryf. Twintig minute gelede het ek hulle na die kantoor geneem om gesensor te word. Kaptein Monclaire was daar en hy het oor die nuwe fort gesels. Dit lyk of alles daar nie pluis is nie. Daar's moelikheid daar, broeders."

Marleigh hou op praat en drink 'n diep teug aan die dik, soet wyn. Hy drink dit met 'n behae asof hy meteens agtergekom het hoe erg hy hierdie wyn nodig het.

Org trek sy stoel nader en leun vooroor oor die tafel. Hy sê: " Ek hoop jy't veerkeerd geluister, Engelsman—oor hierdie moelikheid wat daar sou broei. Sowaar, ons is buikvol van moeilikheid. In die afgelope tyd het ons daar oorgenoeg van gehad, ou bees."

" Ongelukkig het ek nie verkeerd gehoor nie," sê Marleigh bietjie ergerlik. " Ek het Monclaire hoor sê dat party van die Arabiere weier om langer met die fort te help. Hulle loop glo elke dag in klompe weg. Hulle word wel gevang, maar dit lyk of die plaasvervangers minder en minder word omdat hulle deur El Dowla se ruitery in die woestyn voorgelê en opgekerf word. Talle van hulle kom nie eers naby Fort Vateau nie."

Joos vra: " Waarom gee die Arabiere van die fort af pad?"

" Hulle is bang. Hulle is vrek bang vir wat met hulle kan gebeur as El Dowla se pakkaas uitvind dat hulle aan die fort help werk het. Dit is te verstane."

" Maar hulle word tog beskerm. Daar is reeds twee kompanjies van die Legioen by Vateau en as ons daar aankom, sal daar drie wees."

" Ek weet, maar soos ek verstaan, is die arbeiders nie juis oortuig dat ons hul bas kan red nie. Hulle redeneer blykbaar so dat ons onsself nie kan help nie, laat staan nog vir hulle beskerm. Ek hoor daar is gerugte dat El Dowla probeer hulp kry van elke moontlike hoofman in die Bormoengebied. Tot dusver het hy nog elke keer met sy privaat leër baklei, maar as hy daarin slaag om hulp

van die ander leiers te kry—wel, ek wil liewer nie eers daaroor nadink nie . . . ”

’n Paar oomblikke is daar ’n volstrekte, diep stilte tussen hulle terwyl hulle nadink. Onder hierdie prikkeling van Marleigh se woorde het Joos se gedagtes, sy kop, sy hele wese opeens heeltemal helder en nugter geword. Sy vinnige, vernuftige brein ontleed en takseer die hele posisie. Twee jaar van ruwe en selfs onderdrukkende dissipline in die Legioen het sy denkvermoë nie afgestomp nie. By verskillende geleenthede was dit bloot sy skerpsinnigheid wat hierdie paar wat hier om die tafel sit, van gewisse en aaklige dood gered het. Nog elke keer was dit sy vinnige brein wat vir hulle uitkoms verseker het uit byna onmoontlike situasies. Joos verbreek die stilte.

“ Ek het geskat dat iets van hierdie aard vroeër of later moes gebuer. Dit kon nie anders nie.”

Org kyk op ’n snaakse indringende manier na Joos.

“ Hoekom? ” verneem Org. “ Ek sou meen dat El Dowla in die afgelope tyd al genoeg op sy baadjie gekry het, dat ons hom genoeg bloedgelaat het om hom op sy plek te hou. Ek kan dit nie verstaan dat hierdie baliepens nie sy sogenaamde idees oor onafhanklikheid vir die Bormoen kan laat vaar nie. Hy het al hard genoeg probeer en al wat hy nog elke keer vermag het, is ’n bloedbad onder sy eie mense en die verdere uitdunning van sy gespuis. Ellende is al wat hy nog elke keer op sy mense neergebring het.”

Joos trek ’n sigaretstompie uit sy hempsak. Uit ’n ander sak trek hy een rampsalige vuurhoutjie. Toe hy die eerste skyf diep in sy longe ingetrek het, sê hy: “ El Dowla is ’n derduiwel, maar terselfdertyd een van die grootste jakkalse wat daar is. Dit is ’n gevaarlike kombinasie vir enige man, maar veral vir ’n kalant wat duisende ander menslike wesens beheer.”

“ Hy loop oor van sy idees oor onafhanklikheid, hoewel elkeen met die vaagste kennis van toestande hier, sal weet dat sodra die Franse hul hiele in Marokko wys, sy bewind die grootste tirannie sal wees wat hierdie deel van die woestyn in sy lang geskiedenis nog ondervind het,” sê Org filosofies.

“ Ek weet hy het in die verlede al die een kafferpak na die ander gekry, maar dit sal nie sy idees verander nie,” sê Joos beslis. “ Hy gaan eenvoudig oorlog maak. Wanneer ’n volk op die oorlogspad uit is, kan hy dit eenvoudig nie aanvaar dat hy gaan verloor nie. Dit lê voor die hand dat hy weer bloed skreeu, want as Fort Vateau eers klaar is, dan is dit klaarpraat met El Dowla se ambisies. Dan is dit vir hom neusie verby om hierdie hele landstreek te probeer regeer. Die fort sal beteken dat ’n mag van die Legioen in die hartjie van sy gebied gevestig word. Sy elke beweging sal daarvandaan waargeneem kan word. Hy sou ’n bobbejaan wees as hy nou stilsit.”



Hy kyk hulle deur asof hy wil verseker dat hulle dit verstaan. Dan sê hy: “ Verstaan julle nie—hy moet keer dat daardie fort gebou word. Die beste manier om dit te verhinder, is om die vrees van die dood in die werkers daar in te dryf. As hy daardie Arabiere goed die skrik op die lyk kan jaag, dan spat hulle soos mieliepitte uitmekaar. Dit lê tog voor die hand.”

Hulle luister met ’n soort eerbiedige stilte na Joos se uitleg. Toe hy klaar gepraat het, vervolg Org: “ As jy so praat, wonder ek wat die duiwel jy in hierdie gemors soek. Waarom het jy nie advokaat geword en jou kos in die koelte gaan verdien nie? Hê?”

Hierdie is ’n eerlike en hartgrondige kompliment wat ewe bedaard en sonder die minste pretensie uitgespreek word omdat Org hierdie man deur soveel gevaarlike en donker oomblikke so goed leer ken het dat hulle al byna soos broers geword het. Maar die rede waarom Joos by hierdie leër aangesluit het, is ’n geheim, ’n groot geheim net tussen hom en ’n ander man wat hom ook hier in Marokko bevind . . .

Joos glimlag verleë en sê: “ Dis seker omdat my oupa nie op sy mond geval was nie. Hy was een van die leiers van die ou Bondsparty ná die Boereoorlog. In elk geval, dis soos ek die saak uitpluis.”

Die ou treiterende toon is weer in sy stem terug. Org en Marleigh weet wat daardie toon beteken. Dit is die stem van ’n man wat diep-ernstig is, maar dit vir sy makkers probeer verberg, ’n man wat by sy makkers die indruk wil wek dat hy ook maar een van die gewone waterdraers in hierdie beroemde leër van die Franse is. Hulle weet dat sy skynbare liefde vir kaartspeel, ook maar

deel van sy *facade* is, 'n deel van die versperring waaragter hy skuil om sy werklike karakter, sy werklike doelstellings, te verberg.

Dit is daarom dat hy nou weer 'n pak verslete speelkaarte uitpluk en hulle met 'n handige spring van sy vingers laat uitwaaier soos watter dobbelaar.

" Hoe lyk dit met 'n lekker potjie?" verneem hy grinnikende. " Daar is nog twintig minute voordat ons moet hok toe."

Hulle sit almal nader en hulle aanskou hoedat Joos die kaarte skommel en uitdeel.

Dit is net Neels wat nie besorg is nie en ook nie besorg lyk nie. Dit is die voordeel van 'n inbors soos Neels te hê. Manne soos Neels bekommer hulle gewoonlik bra min omdat hulle nie die kop het om hulle te kan bekommer nie. Hy het spiere, spiere wat genoeg is om hom vier teenstanders gelyk te laat aanpak, soos baie Arabierse krygers al tot hul bitter leed uitgevind het—maar verstand het Neels nie baie nie. En behalwe spiere het hy ook 'n hart so goed soos goud, 'n hart wat nie vrae vra nie, maar wat net altyd wil opoffer en dien.

Joos, Org en Marleigh het egter nie verniet voortjies op hul voorkoppe terwyl hulle hul kaarte sit en bestudeer nie. Hulle was vantevore al so dikwels met die Bormoen oorhoops en hulle weet maar te goed wat dit beteken. Dit is nie 'n aangename ondervinding nie. Hierdie skepsels is van die wreedste kreature wat daar is.

Vantevore was hierdie paar maats gelukkig—partykeer miskien meer dapper as gelukkig—maar hulle wonder of hierdie geluk gaan voortduur tot ná die volgende skermutseling met El Dowla se krygers—van die dapperstes in die hele Marokko, so nie in die hele wêreld nie.

## HOOFSTUK TWEE

### *Onskuldige Bloed*

In party leërs sing hulle terwyl hulle op mars is. Stemme styg en daal in harmonie met die slag van stewels. Dit klink goed en dit lyk goed en dit laat die manne goed voel. In die Vreemde Legioen het hulle egter nie hierdie manier van doen nie. Hulle het, om die waarheid te sê, niks om so begeester oor te raak dat hulle lus voel om te sing nie. En selfs al het hulle lus gekry om te sing, sou dit 'n onbegonne taak gewees het om 'n liedjie te vind wat hartlik saamgesing sou kon word deur die talle nasionaliteite wat in hierdie leër saamgegooi is. In elk geval, wanneer die Sahara-sand aan jou stewels rem en wanneer die Sahara-son die leeftog uit jou uitbraai en wanneer die dors aanhoudend in jou brand, dan is jy nie besonder begerig om liries te raak nie.

Dit sou egter verkeerd wees om te sê dat Kompanjie Een op hierdie, die tweede middag nadat hulle Dini Sadazi verlaat het, heeltemal geluidloos hier oor die sand beweeg. Daar is die sagte, byna onreële geklingel van die wapentoerusting wat die stilte in die woestyn verbreek. Ook word die stilte verbreek deur die swaar, byna sugtende asemhaling van die honderd-en-twintig manskappe wat drie langs mekaar voortslof, almal ver vooroor gebuig deur die gewig van hul vegpakke.

Soos gewoonlik stap Joos, Org en Neels langs mekaar in dieselfde ry terwyl Marleigh in die ry net agter hulle swoeg. Joos trek met sy linkerhand die band van sy Lebelgeweer bietjie vorentoe sodat hy die vretende geskaaf oor sy skouer bietjie kan verlig. In sy ander hand het hy 'n stuk vodde waarmee hy gedurigdeur die brandende sweet van sy gesig en voorkop afvee.

Joos praat, maar met niemand in besonder nie: " Ek sal darem die gode dank as ons vir die nag kan kamp maak. Nou is ek darem wragtag pootuit."

Na 'n paar oomblikke kreun Org. Org is eintlik 'n

veteraan in hierdie leër. Hy dien al meer as vier jaar in die Vreemde Legioen omdat hy hom na die Tweede Wêreldoorlog nie weer as mynwerker aan die Rand, by die burgerlike lewe kon aanpas nie. Dit is gedurende hierdie tydperk dat die Arabiere sy een oog uitgeskiet het.

Desondanks is Org nog steeds een van die beste—so nie die heel beste—skutter in die Vreemde Legioen. " Die eerste dag is altyd die ergste," bevind Org. "Daarna word 'n mens mos gevoelloos soos 'n digger-donkie."

" Ek weet," sê Joos moedeloos, " ek wag nog steeds dat ek gevoelloos moet word, maar lyk my hierdie keer gebeur dit glad nie met my nie. Ek dink ek is besig om te oud te word vir die Vreemde Legioen, kêrels."

" Hierdie is nog kinderspeletjies," sê Org. " Ek dink altyd aan die helmars na Zaruse daardie keer. Môre is ons in Fort Ney en daar sal ons met ons tone kan speel totdat ons goed uitgerus is voordat ons verder trek na Fort Vateau toe."

Joos antwoord daar nie op nie. Hy dink neerslagtig aan Fort Vateau. Hierdie fort word by 'n oase gebou, heelwat ten ooste van Fort Ney. Daar sal nie behoorlike onderdak wees nie. Daar sal hulle onder tente moet slaap—as daar ooit tente sal wees. Dit is nie so 'n aangename vooruitsig nie. En die moontlikheid dat hulle met die Bormoen oorhoops gaan raak, verbeter die vooruitsigte nie juis nie.

Aan die spits van die kolonne loop kaptein Monclaire ook en nadink.

Hy loop en dink aan die rapporte van die geheimediens wat aan hom getoon is kort voordat hulle Dini Sadazi verlaat het. Hierdie rapporte lees nie baie lekker nie. Volgens hulle probeer El Dowla die steun win van al die ondergeskikte hoofmanne wat onder sy gesag val. Dit is nog nie duidelik of hy daarin geslaag het nie, maar as hy daarin geslaag het . . . ja, as El Dowla daarin geslaag het . . .

Monclaire is in sy verbeelding verskrik en oorwelding deur hierdie moontlikheid. Tot dusver het El Dowla se magte nog net bestaan uit die wat hy persoonlik gemobiliseer en bewapen het en teen hulle het dit al naelskraap genoeg gegaan. Eens het hulle selfs daarin geslaag om nie alleen die garnisoen in Fort Ney uit te moor en die fort te beset nie, maar ook om die ontsetmag feitlik uit te wis.



En nou, met behulp van die duisende der duisende Bormoen-krygers wat oor die lengte en breedte van die Sahara versprei is . . . Dit is te aaklig om selfs daaraan te dink.

Soos gewoonlik was die geheimediens optimisties. Hulle het verklaar dat El Dowla waarskynlik nie daardie ondersteuning van die ander hoofmanne sou kry nie en derhalwe is beskou dat die byvoeging van 'n addisionele kompanjie voldoende sal wees om beskerming te verleen by die bou van Fort Vateau.

Monclaire is hiervan nie so seker nie. Hy ken hierdie El Dowla maar te goed. Hy is 'n jakkals sowel as 'n despoot. Hy is 'n leier en hy het ingebore uitgeslapenheid. Onder die gevaar dat 'n buitepos van die Vreemde Legioen feitlik binne die hartjie van sy gebied gebou word, is dit feitlik seker dat hy tot wanhopige dade gedryf sal word.

Sersant Duparne is hier langs hom. Die vorige aand het hy die gegewens en die berigte oor El Dowla se bedrywighede in die kantoor van die kompanjie in Dini Sadazi bespreek. Monclaire het dit gerade geag om hierdie rapport te bespreek aangesien Duparne sy onmiddellike ondergeskikte is. Hy wil nou weer daaroor gesels. Dalk sal dit die spanning en die onrus in hom laat verminder.

" Ek skat ons sal nie veel van die Bormoen gewaar voordat ons by Fort Ney aankom nie," sê Monclaire.

Dit is eintlik meer 'n rondtasting na 'n versekering as wat dit 'n kaal stelling van 'n feit is. Duparne skud egter sy kop.

" *Mon capitaine*," sê Duparne, " ek is seker die Bormoen sal ons probeer voorkeer nog lank voordat ons naby Vateau is. Dit is baie moontlik dat hulle ons selfs sal probeer voorkeer nog voordat ons by Fort Ney aankom."

Monclaire luister net so met die een oor en dit ook nie eens baie goed nie. Hy staar na 'n plek sowat twee myl voor hulle en bietjie na die noordekant toe.

Iets verdof die diepblou van die woestynlug. Dit is iets wat lyk of dit uit die sand opgroei en dan dofweg na die hemel opstyg. Meteens weet Monclaire wat dit is. Dit is rook daardie—rook op die horison.

Rook in die woestyn terwyl die son nog so hoog staan? Hoe is dit moontlik? Dit lyk snaaks! Niemand behalwe 'n besetene sal in sulke omstandighede 'n vuur maak nie.

Hy raak Duparne se elmboog aan, maar die sersant kyk ook reeds. 'n Oomblik is hy net so oorbluf soos Monclaire.

Duparne sê sagweg: " Daardie is ongeveer in die rigting van die dorpie Karak, *mon officier.*"

Monclaire sê een woord vir Duparne. Die sersant swaai om en die volgende oomblik kom sy stem hoog en skril deur die warm stilte: " Halt!" Omdat die bevel so onverwags kom, struikel die manne nog 'n paar treë voordat hulle heeltemal tot staan kom.

Monclaire soek na sy kaarthouer en dan trek hy 'n langwerpige silindriese linnerol uit. Duparne hou een kant vas terwyl Monclaire vasstel presies waar hulle hulle bevind. Dan sê die offisier eindelik: " Jy het reg, Sersant—daardie sal Karak wees. Dit word hier op die kaart aangegee as 'n klein dorpie by 'n oase wat van tyd tot tyd water het. Ek kan my nie herinner dat ek al ooit daar was nie."

" Ek het dit verskeie jare gelede besoek, *mon officier.* Dit is maar 'n tipiese Arabierse dorpie—'n klompie krotte en een-of tweehonderd inwoners."

Monclaire stryk met sy vinger oor sy dun, donker snorbaard.

" Ons sal 'n klein ompad moet loop en Karak gaan besoek. Dalk is dit niks nie, maar allawêreld, ek kan hierdie rook nie kleinkry nie. Wat kan die doel daarvan wees? Dit smaak my ál of daar 'n skroef los is. Vir my lyk dit soos die rook van 'n groot vuur wat aan die doodgaan is."

Duparne skreeu weer 'n bevel uit: "*En avant*!" Hierdie keer beweeg die kompanjie weer, maar in die rigting van Karak.

Die dood—en veral resente dood—kan 'n groter invloed uitoefen as enigiets binne die mag van die lewende. Dit kan byvoorbeeld aangevoel word lank voordat dit in werklikheid aanskou word. In hierdie opsig het die mens baie met die dier in gemeen. Op dié wyse het ongeveer elkeen in daardie kolonne geweet wat hy gaan sien nog lank voordat hulle Karak bereik het. Dit is nie 'n kwessie van afleiding uit die dowwe rook daar op die afstand nie, maar eerder intuïsie.

Hulle weet vooraf dat hulle op 'n klomp smeulende krotte gaan afkom wat tot kort gelede die verblyfplekke



van mense was. Hulle weet dat hulle in elkeen van die nou straatjies die lyke sal vind van mense wat skielik en vreeslik gesterf het. En tog, hierdie voorkennis versag nie die skok toe hulle eindelik aanskou wat in Karak gebeur het nie. Toe hulle tot staan kom in die middel van wat eens die plekkie Karak was, hyg die manne van die skok en die afsku. Dit word gevolg deur 'n paar sekondes van absolute stilte asof die lewendes die stilte met die dooies deel. Dan bars die verontwaardiging onder die manne los—verontwaardiging wat in baie tale uitgespreek word.

Joos sê op 'n gespanne, vreemde manier: " Net satans kon iets soos hierdie aangevang het."

Org antwoord: " Net hierdie vloek El Dowla en sy skurke kan so iets aanvang."

Buite die krotte en langs die oorblyfsels van die tente lê die dooies uitgestrek, aaklig verbrand, in treurige, verwarde vorms.

Daar was geen genade nie, geen sweem van onderskeid nie. Vroue en kinders is saam met die mans neergevel. Op party van hul gesigte staan die vrees van die dood duidelik te lees. Op die liederlike hale van die kromsabels het die massas vlieë reeds vergader. Dit is die uitroeiing van 'n weerlose dorpie. Dit lyk of die slagters van die verderf deur hierdie klein dorpie getrek het.

Marleigh bring die vraag wat in almal se binnestes roer, tot woorde: " Maar waarom? Hierdie ding het tog geen sin nie! Dit moet die Bormoen wees wat hierdie slagting aangerig het—daardie snye kon slegs deur hul kromsabels aangerig gewees het. En tog, waarom sou hulle dit met 'n vreedsame dorpie aanvang?"

" Ek reken ons sal dit nooit weet nie," sê Org. " Hier is niemand oor wat nog leef nie. Hier het hulle hul werk bepaald deeglik gedoen."

Maar hierdie stelling word geloënstraf die oomblik toe Org dit uitspreek.

Onder 'n groep van vyf lyke wat voor een van die pondokke lê, is daar 'n beweging. Dit is 'n baie geringe beweging, maar in die volstrekte stilte wat daar heers, word die klein beweging deur elke man in die kolonne opgemerk. Almal staar onmiddellik na die plek waar die beweging gesien is. Hulle sien hoedat die beenderige bruin arm